23.11 RAPPORT DEPUTATE PUBLIKASIES – *ALMANAK* (Art 152)

23.11 REPORT DEPUTIES PUBLICATIONS – *ALMANAK* (Art 152)

A. Dr W du Plessis stel die Rapport.
Dr W du Plessis tables the Report.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report is concluded while the Synod is in session.

C. **RAPPORT / REPORT**

1. Opdrag Kyk Acta 2015:442, 3.	**1. Mandate** See Acta 2015:442,3.
1.1 Die *Almanak* word weer uitgegee en 'n redaksie moet aangewys word (*Indien moontlik, moet die Redakteur een van Potchefstroom se predikante wees*) met die opdrag om: Die *Almanak* met dagstukkies uit te gee.	1.1 The *Almanak* will be published again and an editorial board has to be appointed (*If possible, the Editor should be one of the ministers from Potchef-stroom*) with the assignment to: Publish the *Almanak* with daily devotionals.
Besluit: Kennis geneem.	**Decision: Noted.**
2. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**2. Matters that the Synod takes note of**
2.1 Die *Almanak* het jaarliks verskyn	2.1 The *Almanak* appeared annualy.
2.1.1 Die *Almanak* het jaarliks verskyn met dagstukkies. Die Deputate wil graag aan die Sinode rapporteer dat die *Almanak* met dagstukkies in die lig van korrespondensie wat ontvang is, en volgens die beskeie oordeel van die Deputate, baie goed ontvang is in die kerkverband en daarbuite. Die Deputate wil ook graag 'n woord van besondere dank uitspreek teenoor al die predikante wat op 'n besondere wyse saamgewerk het om van hierdie publikasie 'n sukses te maak.	2.1.1 The *Almanak* appeared annualy with daily devotionals. The Deputies want to report to Synod that the *Almanak* with daily devotionals was received very well in the church denomination and outside of it based on the correspondence received and in the humble opinion of the Deputies. The Deputies also want to give a word of special thanks to all the ministers that worked together in a special way to make a success of this publication.
2.1.2 'n Aantal dagstukkies in ander tale is in *Almanak* 2019, 2020, 2021 en 2022 gepubliseer.	2.1.2 A number of daily devotions in other languages were published in *Almanak* 2019, 2020, 2021 and 2022.
2.2 *Neem 'n besluit oor die opgehoopte fondse met inagneming van die volgende aanbeveling van die Deputate:*	2.2 *Take a decision regarding the heaped up funds with consideration of the following recommendation from the Deputies:*
2.2.1 Die oplaag van die *Almanak* was vir 2019: 8200 eksemplare, vir 2020 was dit 7800, vir 2021 was dit 7000 en 2022 was dit 7000. Omdat die projek so geseënd is, het die Deputate 'n aantal eksemplare aan Gereformeerde instellings soos ouetehuise en kinderhuise gratis beskikbaar gestel. Die indruk wat die Deputate het, is dat Kerkrade meer geredelik al die *Almanakke* wat hulle	2.2.1 The numbers of the *Almanak* was for 2019: 8200 copies, for 2020 it was 7800, for 2021 it was 7000 and for 2022 was it 7000. Because the project is so blessed, the Deputies made a number of copies available to Reformed institutions such as homes for the elderly and children's homes. The impression that the Deputies have is that the Church Councils increasingly distribute the copies

bestel van die hand sit en dat dit nie in konsistories ophoop nie.	instead of the copies remaining undistributed.
2.3 Die Deputate is dankbaar om te rapporteer dat na die drie jaar ‘n goeie wins getoon kan word soos blyk uit die Finansiële state wat aan die Sinode beskikbaar gestel is. Die Deputate was in die lig van die finansiële situasie daartoe in staat om die prys van die *Almanak* vir die laaste twee uitgawes laag te te hou, waarvoor ons baie dankbaar is.	2.3 The Deputies are grateful to report that a good profit can be shown after the three years as becomes clear from the Financial reports that have been made available to Synod. In the light of the financial situation the Deputies were able to keep the price of the *Almanak* low for the last two publications, something we are thankful for.
2.4 Die Deputate Almanak het in samewerking met die Deputate Kerklike Tydskrifte, tydens die afgelope verslagperiode ‘n herverdeling van salariskoste goedgekeur. Die doel daarvan was om ‘n meer realistiese salariskosteverdeling van die betrokke personeel se tydsbesteding te maak, en terselfdertyd die finansiële druk waaronder die Kerklike Tydskrifte verkeer, in ‘n mate te verlig. Die verhoogde koste is nie eenmalig via die Almanak se verkoopprysaanpassing verhaal nie, ten einde lesers se prysweerstand te beperk. Deputate Almanak het dus vir ‘n tekort in die 2022 jaar begroot, en hoop om met verloop van tyd by wyse van infasering, die addisionele koste via verkoopprysaanpassings te kan verhaal.	2.4 The Deputies Almanak approved, in collaboration with the Deputies Church Magazines, a reallocation of salary expenditure over the past reporting term. This was done to establish a more realistic salary allocation of the staff’s working hours and simultaneously lighten the financial pressure the church magazines are under. The increase in costs was not recovered via a one-off price adjustment to the Almanak in order to limit readers’ price resistance. Deputies Almanak thus budgeted for a shortfall in the 2022 financial year and hope to recoup the additional cost over time by phasing the selling price adjustments.
2.5 Die Deputate se beleid is om al die inligting wat beskikbaar is van al die Gereformeerde Kerke in die *Almanak* te plaas. Ongelukkig moet ons rapporteer dat die inligting nie altyd volledig is nie. Alles word gedoen om volledige inligting te verkry.	2.5 The Deputies’ policy is to make all the information that is available from all of the Reformed Churches available in the *Almanak*. Unfortunately we have to report that the information is not complete. Everything is being done to get the correct information.
2.6 Dit is die beleid van die Deputate om jaarliks huldeblyke van predikante wat oorlede is, te plaas.	2.6 It is the policy of the Deputies to place tributes to all of the ministers who have died each year.
2.7 Die Deputate plaas van tyd tot tyd ‘n volledige lys van “Kerke en hulle predikante”. Sodanige lys is weer volledig in die 2022-uitgawe van die *Almanak* geplaas.	2.7 The Deputies from time to time places a complete list of “Churches and their ministers”. Such a list has been placed in the 2022 edition of the *Almanak*.
2.8 Die Deputate poog om die standaard van die *Almanak* jaarliks te verbeter sodat dit ‘n uitgawe sal wees waarop alle lidmate trots is. Ons wil verskeie lidmate en predikante bedank vir in-	2.8 The Deputies aims to improve the standard of the *Almanak* each year so that it can be an edition of which all members are proud. We want to thank several members and ministers for

sette en wenke wat hulle vrymoedig na elke publikasie aan ons deurgee om ons daartoe in staat te stel.	imput and advice that they give to us after each publication in order to assist us.
2.9 'n Rubriek in elke uitgawe van die *Almanak* is die Ruit waaraan 'n groot aantal lidmate deelneem. Die Deputate bedank dr HF van Wyk wat hierdie rubriek behartig.	2.9 *Die Ruit* is a column in each edition of the *Almanak* in which a great number of members participate. The Deputies thank dr HF van Wyk, who handles this column.
2.10 Die *Almanak* is jaarliks by die Streeksinodes (waar moontlik) afgelewer vir verdere verspreiding deur die onderskeie kerke. Die Deputate maak ook gebruik van posversendings vir verafgeleë bestemmings wat moeilik met padvervoer bereik kan word.	2.10 The *Almanak* was delivered to the Regional Synods (if possible) every year for further distribution by the different churches. The Deputies also make use of mail for distant destinations that can not be reached by road easily.
2.11 Die Deputate wil hulle dank uitspreek teenoor adverteerders wat in die *Almanak* adverteer om sodoende koste te beperk.	2.11 The Deputies want to thank the advertisers who advertise in the *Almanak* to reduce the cost.
2.12 Die Deputate wil graag hulle dank uitspreek teenoor die personeel van die Administratiewe Buro en by name srs Wymie du Plessis, Petro Kroeze en Joey Fourie vir die insette wat hulle maak om elke jaar die *Almanak* die lig te laat sien.	2.12 The Deputies want to thank the staff of the Administrative Bureau and especially srs Wymie du Plessis, Petro Kroeze and Joey Fourie for their imput every year to make the *Almanak* possible.
2.13 Ons wil ook graag vir Angie Mokobi en Anna Leeuw bedank vir hulle hulp om die versending van die *Almanak* moontlik te maak.	2.13 We also want to thank Angie Mphata and Anna Leeuw for their help with the distribution of the *Almanak*.
2.14 Die Almanak is elektronies op die GKSA-webblad beskikbaar.	2.14 The "*Almanak"* is available electronically on the GKSA website.
Besluit: Punte 2.1 tot 2.14 kennis geneem.	**Decision: Points 2.1 to 2.14 noted.**
3. Sake waaroor die Sinode besluit	**3. Matters that the Synod decides on**
3.1 Die *Almanak* word weer uitgegee en 'n redaksie moet aangewys word (*Indien moontlik, moet die Redakteur een van Potchefstroom se predikante wees*) met die opdrag om: Die *Almanak* met dagstukkies uit te gee.	3.1 The *Almanak* will be published again and an editorial board has to be appointed (*If possible, the Editor should be one of the ministers from Potchefstroom*) with the mandate to: Publish the *Almanak* with daily devotions.
3.2 Die te benoeme Deputate Publikasies Almanak kry die opdrag om in samewerking met Deputate Publikasies, Kerklike Tydskrifte, die moontlike samevoeging van die Tydskrifte en Almanak (in voorbereiding en/of publikasie) te oorweeg en te implementeer.	3.2 The to be appointed Deputies Publications Almanak are mandated to consider and implement the possible amalgamation of the Magazines and Almanak (in preparation and/or publication) in conjunction with the to be appointed Deputies Publications, Church Magazines.
Besluit: Punte 3.1 en 3.2 goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).	**Decision: Points 3.1 and 3.2 approved (amendment already made – Deputies Acta).**